*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Lidmaatskap van die Boerevolk is die voorwaarde om lid van die Ossewabrandwag te wees — dus 'n lewende eenheid.*

# Die O.B.

*Onderskrywing van 'n politieke program is die voorwaarde om lid van 'n party te wees — dus 'n kunsmatige samеraapsel.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 27 JANUARIE 1943. No. 10.

## Min. Steyn Neem Kommunistiese Party in sy Beskerming

### Mag nie deur Polisie Verdink Word

**Volgens berig in The Guardian van 21 Januarie het dr. Colin Steyn, Minister van Justisie, verlede week 'n afvaardiging van die Kommunistiese Party ontvang onder wie ook teenwoordig was Moses Kotane, hoofsekretaris van die Party, wat onlangs deur die Minister losgelaat is nadat die polisie hom in hegtenis geneem het.**

Die afvaardiging het die Minister te spreke gehad oor die Polisie se houding ten opsigte van die Kommunistiese Party. **,,Die houding van die Polisie,'' aldus die verklaring, ,,wil voorgee asof die Kommunistiese Party onder verdenking verkeer. Ons wens om sterk te protesteer teen so 'n houding.''**

Volgens die berig het min. Steyn die afvaardiging verseker dat hy die Kommunistiese Party beskou as 'n ,,wettige politieke organisasie.'' **Hy het met hulle saamgestem dat die aanvalle van die ,,fascisticse en half-fascistiese partye op die Kommunistiese Party slegs een doel het — om die Regering te verdeel en die oorlogspoging also te belemmer''!**

,,Dr. Steyn het die Kommuniste die versekering gegee,'' so lui dit verder, ,,dat hy die vraagstuk van hierdie verdeling van trou aan die oorlog onder die aandag van sy kollegas sal bring **en het OPNUUT beloftes gedoen dat daar geen diskriminasie teen die Kommunistiese Party sal wees nie.**

**,,Die afvaardiging, namens wie adv. Harry Snitcher die woord gevoer het, het talryke spesifieke voorbeelde van polisie-inmenging in kommunistiese bedrywigheid onder die aandag van die Minister gebring, EN HY HET ONDERNEEM OM PERSOONLIK ONDERSOEK IN TE STEL DAARNA.''**

Hierdie verbroedering wat die ,,kollegas'' van die Minister waarskynlik tot verdere noodregulasies teen die Boerevolk sal prikkel, en wat volgens belofte van die Minister 'n aantal Polisieamptenare voor stok sal bring, **geskied in dieselfde week wat die Eerste Minister erken dat daar ,,'n golf van onrus deur die land is'' en ,,dat die kommunistiese invloed in ons land op taamlik groot skaal aan die werk is''!**

**Die Polisie sal dus nou waarskynlik opdrag van hul hoof kry om nie notisie te neem van die ,,golf van onrus dwarsdeur die land'' nie, want daar mag nie gediskrimineer word teen die Kommunistiese Party se ,,invloed'' nie!**

## KOMMUNISTIESE PARTY BEPAAL REGSPRAAK

### Vryheid vir Sekretaris — 6 Maande vir Afrikaners

Dr. Colin Steyn, Minister van Justisie, het in die Volksraad erken dat hy opdrag gegee het dat 'n naturel wat hoofsekretaris van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika is en wat kragtens die Noodregulasies in hegtenis geneem was, losgelaat moes word.

**Die Minister het verduidelik dat lede van die Kommunistiese Party en ander aangedring het op sy vrylating.** In gevolge sy opdrag is die aanklag teen die kommunis teruggetrek.

As rede het min. Steyn aangevoer dat hy nie daarvan oortuig was dat die vervolging sou slaag nie, en dat dit nie in die openbare belang was om met die saak voort te gaan nie.

**Waar die Minister nie oortuig is dat 'n saak teen Afrikanerseuns sal slaag nie, verkies hy blykbaar om hulle vir ses maande in die tronk tussen misdadigers aan te hou voordat hulle verhoor word, maar waar 'n naturellekommunis se saak twyfelagtig is, word hy onmiddellik losgelaat sonder dat die hof in staat gestel word om die twyfelagtigheid te bewys. M.a.w. .die Minister is sy eie hof. In een geval waar twyfel bestaan straf hy sonder verhoor, en in die ander geval laat hy vry sonder verhoor — dit hang net daarvan af of dit 'n Afrikaner of 'n swart kommunis is.**

## Amptelike Opposisie Pleit Vir Paradys by Amptelike Regering

### Jaarlikse Komedie-Spel Weer Op Planke

**In die Parlement waar politieke partye oormekaar val om propaganda vir hulself te maak, word tans baie ure afgesonder vir die bespreking van 'n beter maatskaplike stelsel vir na die oorlog. Die amptelike Opposisie het met 'n ,,mosie'' voor die dag gekom waarin die amptelike Regering versoek word om 'n hemel op aarde te laat neerdaal. (Verlede jaar was die versoek om 'n Republiek uit te roep!)**

Breedvoerig is die hele skema aan die amptelike Regering voorgelê en met gevoelvolle welsprekendheid het lede van die amptelike Opposisie by die amptelike Regering gepleit om die nuwe maatreëls aan te neem, waardeur 'n paradys oor die bevolking van Suid-Afrika sal toesak.

**Die amptelike Regering moet net sê ,,ja'' en die wonder van ongekende welvaart en geluk sal geskied.** Suid-Afrika sal gered wees sonder dat die kommuniste tevrede sal wees of die nasionaal-sosialiste — so heet dit in een van die partypolitieke persorgane. Met ander woorde, sodat net die demokrate tevrede sal wees.

Die amptelike Regering het glo ook 'n skema vir 'n paradys, so word verduidelik van Regeringskant. Daar word al gewerk aan die plan, en daarom kan die amptelike Regering nie die amptelike Opposisie se paradys laat neerdaal nie. Daarom bly die woordjie ,,ja'' wat die ou aarde soos met 'n towerslag sal omskep tot geluk, weg, en daarom bly die paradys ook weg.

Maar indien die amptelike Regering wel ,,ja'' sou sê en die voorstel aanneem van die amptelike Opposisie sodat die wonderlike paradys sou kom, sou daar wel 'n wonder gebeur, dog nie omdat die paradys gaan neerdaal nie, **maar omdat die amptelike Regering die amptelike Opposisie se voorstel aangeneem het.** Want dan sal hy aan die wêreld mos te kenne gee dat die amptelike Opposisie 'n beter party is as hyself, en dan gaan stem almal by 'n volgende verkiesing vir die amptelike Opposisie.

**En indien dit tog sou gebeur, sal die amptelike Opposisie, wat nou so vuriglik in die dowe ore van die amptelike Regering pleit om hul voorstel aan te neem, baie kwaad en teleurgestel wees, en hulle sal die amptelike Regering verwyt dat hy hulle ,,plank'' gesteel het, dat hy met hulle kalf ploeg, en die paradys sal maar weer van die aarde wegvlug voor al die getwis. Want die doel is nie om te regeer nie;**

(Vervolg op bls. 2, kol. 2)

## Vryheidsverklaring en Gelofte Vir 27 Februarie

**Onderstaande is die vryheidsverklaring en gelofte wat op Vryheidsdag op alle sametrekkings voorgelees moet word.**

Oomblikke van groot gevaar en groot onsekerheid oor die toekoms het meermale in ons volksgeskiedenis voorgekom. So was dit die aand voor Bloedrivier se slag en so was dit in die oggendskemering voor Amajoeba. So is dit ook vandag, in die begin van 1943.

Soos ons vadere destyds in vertroue op God, vol moed en offervaardigheid, die stryd aangebind het, desnoods tot in die dood toe, so wil ook ons sonder vrees of blaam ons plig doen. Ons ken net een aardse trou en net een liefde— **Die Republiek van Suid-Afrika.**

As ons die stryd gewonne gee, is die Vryheidsvlam van Amajoeba geblus. En as die regbank van die geskiedenis, wat hoër staan as die regbanke van die Empire, eendag vra waarom die Vryheidsvlam geblus is, sal dit daardie vraag aan ons geslag stel. **Aan die Ossewabrandwag sal daardie vraag deur die geskiedenis gestel word, want die Ossewabrandwag is die fakkeldraer van die Republiek.**

Ons gaan so optree dat ons daardie vraag voor die regbank van die geskiedenis kan antwoord sonder vrees of blaam.

Man en vrou en kind gaan ons die Republiek dien, in ons huise, in ons samekomste, in ons werk, in ons vryhede en in ons gevangenisse.

Ons het in die Ossewabrandwag die eed gesweer dat ons ons mede-Afrikaner nie in die steek sal laat nie en hom nie aan die vyand sal uitlewer nie. En daardie eed gaan ons waaragtiglik hou. EEN VIR ALMAL, ALMAL VIR ELKEEN. Ons erken nie net broederskap maar ook hoederskap, èn ons stry uit liefde, nie uit haat nie.

Dieselfde God wat in 1838 en 1881 die Vryheidsideaal laat seëvier het, sal ook met genade neersien op ons van 1943, wat die stryd van ons vaders wil voortsit.

Daarom doen ons nou, gesamentlik en afsonderlik, die plegtige gelofte dat ons die stryd vir die onhafhanklike Republiek nie sal staak nie en nie in die steek sal laat nie.

Waar ons vadere dit met wapengeweld gedien het, sal ons dit dien met toewyding en desnoods met lyding, na ons beste vermoë.

Ons sal sterk wees en vol moed, want die Here onse God is met ons, oral waar ons gaan.

Die vlam brand nou dwarsdeur die land en ons is met ons broers en susters elders in een groot band saamgesnoer. Amajoeba is die simbool van ons Vryheid; Amajoeba-berg staan op ons wapen. Amajoeba-vlam bly Vryheidsvlam!

### Opbrengs Uit Tuin Vir Geïnterneerdes

Komdte. mev. Lategan van Constantia het onlangs £2-10-0 aan die Noodhulpfonds geskenk wat die opbrengs is van blomme en boontjies wat sy self vir die doel gekweek het.

Haar dogtertjie, Ethel, het 10/- van haar kersgeskenk afgestaan vir die kindertjies van geïnterneerdes.

## SMUTS ERKEN KOMMUNISTIESE AGITASIE

**,,Sake staan op die oomblik ongerieflik. Daar is 'n golf van onrus in hierdie land. Een ding is dat die kommunistiese invloed in ons land op taamlik groot skaal aan die werk is. Baie mense is onder die indruk van die gevaar dat die naturelle iets in die hande gestel word wat deur ander mense misbruik kan word. Ek sê dit met volle kennis van die feite.''**

**Hierdie verklaring is op 13 Januarie deur veldm. Smuts gedoen in antwoord op vertoë deur 'n afvaardiging van die Christenraad wat op meer regte vir die naturelle aangedring het.**




VOLKSKAS

verskaf alle bankdienste

(ook tjekrekeninge)

29

Takkantore bedien die Bank se kliënte deur die hele Unie.

*Fondse oorskry £2,715,000*

**Vra verdere inligting by die VOLKSKAS-kantore.**

Die Volk se Bank.

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**

(Opgerig kragtens die Koöp. Wet)

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

**Drukkers, Uitgewers en Boekbinders**

*Die Laan,* *Stellenbosch.*

## AMPTELIKE OPPOSISIE PLEIT VIR PARADYS

(Vervolg van bls. 1)

**die doel is om propaganda te maak.**

Dit is demokrasie; dit is partypolitiek. **En hierdie speletjie met die volk duur nou al meer as dertig jaar lank.** Intussen is die volk dertig maal armer en het die praters van die Praathuis dus dertig maal meer stof om oor te praat en skemas om uit te werk wat hulle eenmaal per jaar oor die sagte tapyt van die ,,Huis'' aan mekaar kan voorlê **met die heerlike oortuiging dat daar geen gevaar bestaan dat die een die wenke van die ander sal aanvaar nie.**

**En die Regeringsparty en die Opposisie-party tesame maak die Parlement uit wat oor die volk van Suid-Afrika ,,regeer''. En elkeen se taak is om te verwerp wat die ander voorstel!**

## DADE WAT SPREEK: £22,000 in Een Jaar

**Op 28 Januarie 1942 het die Kommandant-generaal die Noodhelpfonds ten behoewe van die afhanklikes van gevange Afrikaners in die lewe geroep. In die afgelope jaar is ondanks die geweldige propaganda teen ons beweging meer as £22,000 deur die Ossewabrandwag tot hierdie Fonds bygedra. Vandag betaal die Ossewabrandwag maandeliks ongeveer £2,000 uit aan hulp vir mede-Afrikaners.**

**Die Ossewabrandwag se taal is die taal van die DAAD en nie van die Praathuise nie.**

## Die Arbeider Weet Dat —

— die ingevoerde parlementarisme met sy partystelsel wat vir sy voortbestaan afhanklik is van die mengelmoeskiesers en kapitalistiese ondersteuning, nie by magte is om die lewenspeil van die werker te verhoog en sy lewensbestaan te waarborg nie.

— alleen die **Gesagstaat** van die Ossewabrandwag, wat gegrond is op die beginsel van waaragtige volksliefde en lotsgemeenskap, in staat is om vir die werker 'n waardige aandeel in sy volksbestaan toe te sê.

## VROUE-YWER

Mev. Ferreira van Edenville het aan die Vroue-kommando van Bothaville £1 gestuur om mee te woeker.

Die kommandante het aan sewe dames elk 2/6 gegee om op hul eie inisiatief daarmee te werk.

Twee flukse dames, adj. mev. J. Klaasen en veldk. J. van der Bergh het saam gewerk deur tee te verkoop en 'n getal krale te laat raai, waarvoor 'n prys uitgegee was. Hierdie dames het £7-7-0 teruggebring.

Sers. mev. J. Steyn het ook 'n getal mieliepitte laat skat, waarvoor sy as prys 'n mooi lap geverf het. Sy het £2-5-0 teruggebring. Komdte. mev. Van Rensburg het £1-1-6 ingesamel deur tee te verkoop, terwyl brandwagte M. Meintjies 15/- terugggebring het, ass.-veldk. C. Engelbrecht 10/- en ass.-veldk. Coetzee 7/-.

**Die bedrag van £12-5-6 is dus ingebring deur die werk van sewe dames.**

## KOL. REITZ SE EETLUS NOU EN DAN BEVREDIG

Uit 'n berig in die pers blyk dat dit in Engeland maar knap toegaan, sover dit die voedselfront betref. Na aanleiding van 'n opmerking van kol. Deneys Reitz waarin hy sy voorliefde vir eiers te kenne gegee het, is aan die lig gebring dat die rantsoenering van hierdie alledaagse produk op **een eier per persoon per maand gestel is.** Die berig meld egter dat kol. Reitz darem eiers te ete kry deurdat bewonderaars uit die platteland vir hom so nou en dan 'n paar stuur — ,,nog van die ou soort'', lui dit in die berig, want 'n eier met 'n dop soos die hoenderhen dit lewer, is ook blykbaar 'n historiese verskynsel. Dit is maar verpoeierde oorblyfsels van eiers wat glo eenmaal per maand opgedis word.

## £8 OOR 'N KOPPIE TEE

Op die ruime stoep en die grasperk voor die huis van genl. Robertson by Kleinbrak-strand, het verlede Saterdag 'n groot aantal Afrikaners vergader, om tee te geniet.

Op 'n tafeltjie tussen die gaste het 'n aantreklike bussie gepryk met die vriendelike uitnodiging daarop: **Bydrae vir die afhanklikes van geïnterneerdes.**

Die gasvroue, ass.-hoofkomdte. mev. P. E. Beyers en ass.-hoofkomdte. mev. K. E. Robertson, wat die gaste op heerlike verversings onthaal het, was verras toe by die oopmaak van die bussie die mooie bedrag van meer as £8 uitgerol het.

Voorwaar! die Afrikaner se hart klop reg. Onderwyl die gaste hul tee geniet het, het mej. Mimmie de Bruin hulle vergas op 'n humoristiese voordrag uit ,,Alt Heidelberg''.

**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: **D. D. DE KOCK**

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

**V.M.K. AANBEVEEL.**

**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre-Mark**

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

116 Takke 41,000 Lede — **AVBOB** — Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**

**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**

**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

**W. VOIGT BPK.,**

**HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*

***Kelder en Besproeiings Masjinerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.***

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**

**SASBANK**

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

*Volledige Inligting oor*

**,,DIE PRAKTIESE TOEPASSING VAN NASIONAAL-SOSIALISME''**

(besondere verwysing na S.A. toestande)

In 'n Korrespondensie Kursus van

**Twaalf Wetenskaplike Lesings**

Onder beskerming van die Nuwe Orde.
Slegs 10 Stelle Lesings vir elke Distrik in die Unie beskikbaar.

Doen aansoek by:

**Posbus 1270 .·. Pretoria**

Aanvangsdatum: 15 MAART 1943.

*Nominale fooi: 10/- per VOLLEDIGE KURSUS.*

## O.B.-MUSIEKBUNDEL

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B. MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied'' moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

**Prys 2/6 Posvry**

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU ! !

**O.B.-HOOFKWARTIER**

**Posbus 8576, JOHANNESBURG.**

*'N PRAGTIGE KERSFEES-BESENDING*

**Dames-Hoede**

nou net uitgepak

*KOM MAAK U KEUSE!!*

*by*

Steyns

PAROW

DIE SKIEREILANDSE MODERNE AFRIKAANSE DAMES-MODISTE.

# BEWAAR DIE BLOEDSUIWERHEID VAN ONS VOLK.

(D.L. 2/43.)

In D.L. 1/43 het ons bespreek hoe die Afrikanervolk met sy eie rassestempel en rassetrots hier op Afrikaanse bodem uit verskillende Europese stamvolke ontwikkel het. Ons het tot die gevolgtrekking gekom dat die Afrikanervolk vanweë sy rassesamestelling die enigste ras is wat hom op die duur hier in Suid-Afrika kan handhaaf.

In hierdie bespreking sal ons aan die hand van die erflikheidsleer kortliks nagaan hoe die Afrikaner hom fisies en geestelik beter aan sy vaderland aangepas het as diegene wat nie uit hierdie bodem spruit nie, en die gevaar dat hierdie voorwaardes vir selfhandhawing deur rassevermenging vernietig word.

Die eerste voorwaarde vir die ontstaan van 'n ras is **erflike verskeidenheid binne die soort.** Soos elke veeboer weet, openbaar die lede van dieselfde ras verskillende eienskappe nieteenstaande hulle dieselfde behandeling ondergaan het, en dat 'n ras verbeter word deur seleksie en inteelt van die meer gunstiges. Verskille wat hulle in so 'n geval uitwys, is oorerflik, of hulle gunstig of ongunstig is. Die grondvoorwaarde vir sulke oorerflike verskille lê in die aard van die organisme.

Dit is op grond van hierdie erflike verskeidenheid binne die soort dat 'n ras hom steeds beter by sy omgewing aanpas weens die afsterwe van die minder geskiktes en die inteelt van die meer geskiktes wat tot die ontstaan van 'n eie soort lei. In die loop van geslagte word hierdie aanpassing steeds verder deurgevoer en word die ras in meer besonderhede erflik geskikter vir sy omgewing.

So het hier op Afrikaanse bodem 'n nuwe volk met 'n eie rassestempel en 'n eie roeping ontstaan. Deur die ondertrouing van ons Nordiese, Alpiniese en Mediterraniese stamvaders en -moeders en die verdere ondertrouing van hul kinders en kleinkinders, ens., het die raseienskappe van die Afrikaner hom in die loop van tien geslagte steeds beter by sy omgewing aangepas. In die vorige bespreking het ons as voorbeelde aangetoon hoe in die Afrikaner die blonde Nordiese gelaatskleur deur die Alpiniese inslag verbruin is om die Afrikaanse sonstrale beter te kan afweer en hoe die liggaamsbou van die Afrikaner oor die algemeen sterker is as dié van sy voorouerlike rasse sodat hy die geharde lewe en ontberings wat sy beskawingswerk meegebring het, beter kon verduur. Ook geestelik het ons volk hom by sy omgewing aangepas.

## GEVARE

**Hierdie aanpassingsproses word egter op verskeie maniere aan bande gelê, veral deur ongewenste rassevermenging en deur die verspreiding van oorerflike siektes en kwale.** Ons kan hier slegs kortliks by die kwessie van rassevermenging stilstaan. In 'n latere stuk sal ons aandag gee aan die verbetering van die liggaamlike en geestelike eienskappe van ons volk.

Die ervaring het geleer dat die meeste blanke rasse sonder liggaamlike skade met mekaar kan kruis, maar wanneer 'n meerderwaardige ras (Europese ras) sy bloed met 'n minderwaardige ras (Negride) vermeng, dan ontstaan die baster wat in liggaamlike en geestelike opsigte minderwaardige hoedanighede besit in vergelyking met dié van die meerderwaardige ras. Die bloedvermenging van die blanke met die nie-blanke het dus die gevolg dat die blanke ras wat van nature die voortreflikste is, uitgeroei word, terwyl 'n minderwaardige produk oorbly.

Uit waarnemings in alle lande waar die vermenging van blanke met nieblanke bloed plaasvind, blyk dat die bastergeslagte 'n swak gestel en swak gesondheidstoestand het. Daar is by hulle veral 'n groter vatbaarheid vir longsiektes as by die oorspronklike rasse (vergelyk die hoë teringsyfer onder ons kleurlingbevolking). Daar is by die baster ook 'n sterk oploping van humeur, ydelheid en geslagtelike onewewigtigheid en dit ontbreek by hom ook gewoonlik aan wilsenergie en vooruitberekening. Hy is in die meeste gevalle ook nie betroubaar nie (by voorbeeld, ons vind dat kaffers eerder as kleurlinge vir melkaflewering en ander stiptelike roetinewerk in diens geneem word).

**Die handhawing van sy bloedsuiwerheid te midde van die miljoene nieblankes is dus vir die Afrikanervolk van lewensbelang. Daarom is dit ons roepingstaak om die gelykheidsleer van die liberalis en kommunis met al die middels tot ons beskikking te beveg.** Die liberalistiese en kommunistiese leer erken geen oorerflike rasseverskille nie en moet hulle konsekwent rassevermenging, ook van blank met nie-blank, aanmoedig sodat alle rasse dieselfde kulturele peil kan behaal deur die lewensomstandighede vir almal eners te maak.

## DIE BOLWERK

Hierteenoor stel die Ossewabrandwag hom beslis op die Christelike standpunt deur die aangebore verskille tussen ras en ras te erken en te beklemtoon. Die bloed van die Afrikanervolk moet ten alle koste suiwer gehou word en dit moet ons strewe wees om dié faktore te bevorder wat sal lei tot die verbetering van die erflike samestelling van ons volk. Wat bloedvermenging betref is dit nie slegs 'n kwessie van verbod op gemengde huwelike nie, **maar moet met 'n nog fermer hand opgetree word teen alle buite-egtelike gemeenskap tussen blank en gekleurd.** Daarby moet ons volk geestelik steeds wakker gehou word vir die gevare van bloedvermenging. Die sterkste bolwerk van die Afrikaner teen verbastering was nog altyd sy tradisionele afkeer daarvan. Ons moet veral daarteen waak dat hierdie bolwerk nie deur liberalistiese invloede ondermyn word nie, soos ongelukkig reeds gebeur.

Daarby stel die Ossewabrandwag hom tot taak om ook deur die versterking van die familietrots by die Afrikaner die afkeer in verbastering nog verder te versterk. Iemand wat trots is op sy familie is ook daarop gesteld om die bloed van die familie suiwer te hou. Iets wat ongetwyfeld baie sal bydra tot die versterking van familietrots is die aanlê van **familieregisters.** Op Brandwagte word 'n beroep gedoen om self die nodige stappe in hierdie rigting te doen en om ook ander volksgenote daartoe aan te moedig. Ouers het die heilige reg om by die voorgenome huwelike van hul kinders te weet wat die afkoms van die jonkman of meisie is. Die bewys van suiwer afkoms moet 'n noodsaaklike kwalifikasie vir die huwelik as blanke wees.

# O.B.-OFFISIERE WAT REEDS GESKIEDENIS GEMAAK HET

In sy boek ,,Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan'', skryf H. J. C. Pieterse as volg in 'n voetnoot op bladsy 198:

,,Van Johannes Smith gepraat, genl. Malan het nog altyd beweer dat die T.V.K. skitterende offisiere voortgebring het, meer as enige ander vegkorps van sy soort; offisiere soos Hindon . . . Slegtkamp . . . Enslin . . . Van Rensburg . . . regter Hugo . . . Manie Maritz . . . Dis nie vir die historiese kritici gestel om te verklaar of die sterkste georganiseerde beweging in die geskiedenis van Suid-Afrika —Die Ossewabrandwag— ewe skitterende offisiere, alhoewel op 'n ander gebied, gaan voortbring nie, **maar dis opvallend dat veral Wynand Malan se V.T.K. vandag voor die voet, van die allerbelangrikste offisiersbetrekkinge (hoofsaaklik in Kaapland) beklee; sy jongste penkop-rebel is assistent-kommandant-generaal . . . J. A. Smith. ,,Joubertjie'', die kranige adjudant van genl. Manie Maritz, is bevorder tot genl.; Ben Burger is hoofkommandant, W. P. Burger (Wit Jack) eweneens (tans is hy hoofgeneraal.— Red.). Maar genoeg. Die Ossewabrandwag stel nie sy offisierslys vir my ter insage nie, anders sou 'n mens klaarblyklik 'n splinternuwe T.V.K. onder die offisiere alleen kan monster. Toevallig lees ek bv. dat kapt. Henry Slegtkamp ook 'n O.B.-generaal is.''**

# In Elk Geval Vrugteloos

Op 'n byeenkoms in Kaapstad het min. Hofmeyr verlede week gesê dat Suid-Afrika ná die oorlog nooit weer sal terugkeer tot wat tans as normaal beskou word nie. ,,Maar of dit beter of slegter gaan wees, hang van onsself af,'' het hy verklaar, en bygevoeg dat die heropbou van die wêreld ná die oorlog vrugteloos sal wees indien dit nie op Christelike grondslag gedoen word nie.

Afgesien van die enorme uitputting van ons land se lewensbronne in belang van Engeland se oorlog, wat 'n normale toestand hierna vir baie jare onmoontlik maak, bestaan die moontlikheid nog dat min. Hofmeyr en sy vriende dalk die oorlog kan wen, in watter geval die kommunistiese Rusland sal sorg dat die woord, ,,christelikheid'' uit die woordeskat van die wêreld sal verdwyn. Dan sal nie alleen die **,,heropbou''** van die wêreld vrugteloos wees nie, maar ook min. Hofmeyr se ywerige arbeid in belang van die huidige **,,afbreking''** van die wêreld.

*ONDERSTEUN ONS BLAD*


# Schoemanello-Drank . . . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As 6 van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 2/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.


Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN**

Fosbus 142. Oudtshoorn.








# Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

*MEER AS 200 KURSUSSE*

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag .. vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in ..............................

Naam..............................

Adres..............................

(O.B. 27 Jan. 1943)..............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A:), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18, JOHANNESBURG

Posbus 3512 Foon 22-3512

# 1½ Maand se Rekord van Onrus Onder Nie-blankebevolking

## Kommunisme Tier Welig op Staatsbeleid

**Daar is 'n aanhoudende en toenemende gees van opstandigheid en onrus onder die naturellebevolking van die Unie wat daarop dui dat ondergrondse magte aan die werk is om die verhouding tussen blank en gekleurd in 'n toestand van gisting te bring. Hierdie houding kan aan niks anders as kommunistiese opstokery enersyds en boetie-boetie-spelery van owerheidskant andersyds toegeskryf word nie.**

Sedert genl. Smuts die beleid om naturelle in sekere omstandighede te bewapen as beginsel aanvaar en in die openbaar aangekondig het, is die agitasie onder die kleurlingbevolking verskerp omdat daarin 'n erkenning van die nie-blanke se gelykheid gesien is. Van owerheidskant het daar teen die einde van November verlede jaar twee uitlatings gekom wat nog meer water op die kommunistiese meule gewerp het. Eers het min. J. H. Hofmeyr verklaar dat segregasie misluk het, en die dag daarna het die Sekretaris van Naturellesake hom sterk uitgelaat teen die kleurslagboom. **So stimulerend het hierdie uitlatings gewerk dat die Verteenwoordigende Naturelleraad kort daarna geweier het om 'n mosie van roubeklag in genl. Hertzog se afsterwe aan te neem omdat hy so 'n sterk voorvegter vir die segregasie-beleid was.** Die astrante houding van die naturelle het dan ook elke dag uit die besprekings van genoemde raad gestraal.

Onderstaande opsomming van naturelle-wanordelikhede sedert die uitlatings van min. Hofmeyr en die Sekretaris van Naturellesake, gee enigsins 'n aanduiding van die toestand, hoewel dit geensins 'n volledige opgawe is nie, en daarby slegs beskou kan word as die top van die ysberg wat bo die oppervlakte uitsteek.

**Op 1 Desember word berig van 1,400 naturelle in Johannesburg wat staak om melk af te lewer. Dit het gelei tot aansienlike onrus en geweldpleging.**

Op 1 Desember word berig van vier naturelle wat twee vroue in 'n huis vasgebind en beroof het in Johannesburg.

2 Desember: 'n Naturel word in 'n vrou se kamer op Dundee doodgeskiet.

9 Des.: Drie naturelle word in Johannesburg verhoor op aanklag dat hulle met 'n rewolwer gewapen 'n huis binnegestap en geld geroof het.

**9 Des.: Ongeveer 2,000 naturelle in diens van die Johannesburgse stadsraad staak.**

10 Des.: Twee kleurlinge van wie een 'n soldaat verskyn in Port Elizabeth op aanklag van oproerige gedrag en aanranding op die polisie.

**10 Des.: Verwysing na 'n ,,ernstige botsing'' op Welbedacht tussen blanke soldate en die naturellekorps aldaar**

11 Des.: Verhoor begin van 42 naturelle wat by 'n steenkoolmyn op Dundee gestaak en oproer veroorsaak het.

11 Des.: Koerante verskyn met opskrif: ,,Aanmatigende houding'' van Verteenwoordigende Naturelleraad.

**15 Des.: Stakings deur naturelle in groothandelslagtery en steen- en teëlbedryf in Johannesburg.**

**16 Des.: Koerante berig van bendes naturelle wat met stokke en kieries die Johannesburgse strate gepatrolleer het. Selfs in hotelle het stakings voorgekom.**

**18 Des.: Negehonderd naturelle neem deel aan 'n staking in die vleisbedryf. 'n Paar slagters word o.a. aangerand deur die bendes.**

21 Des.: As 'n antiklimaks kom die berig dat naturellesoldate in 'n blanke skool in Bloemfontein feestelik onthaal is. Dus nog meer water op die rollende meule.

23 Des.: 'n Kleurlingsoldaat verskyn in Johannesburg op aanklag van moord op 'n blanke.

23 Des.: 'n Blanke opsigter word deur sewe naturelle-bandiete aangeval en vermoor.

28 Des.: Naturelle-onluste op Nababeep waar drie in stamgevegte gedood word.

**30 Des.: Ernstige naturelle-onluste in Pretoria wat uitloop op die dood van sestien naturelle en een blanke met meer as honderd gewondes.**

6 Jan.: Nog 'n antiklimaks — 'n sportbyeenkoms van die militêre waaraan blank en gekleurd deelneem, vind op Benoni plaas.

7 Jan.: Verhoor van twee uit drie naturelle wat 'n bank in Alberton met 'n rewolwer beroof het.

7 Jan.: Skote geskiet in 'n geveg tussen drie kleurlingsoldate en twee blankes naby 'n myn in Johannesburg.

(Vervolg in kol. 3)

(Vervolg van vorige kol.)

8 Jan.: 'n Durbanse musikus word deur twee naturelle aangerand en vermoor.

8 Jan.: 'n Durbanse meisie word deur twee naturelle aangerand.

**11 Jan.: Tussen 400 en 500 stakende naturelle word by 'n myn in Johannesburg in hegtenis geneem na 'n oproerigheid in 'n kampong.**

12 Jan.: Drie naturelle gedood in 'n geveg tussen naturellesoldate en burgerlike naturelle op 'n stasie naby Johannesburg.

13 Jan.: Verhoor van 'n naturel op Barberton weens moord op 'n blanke vrou.

13 Jan.: Blanke vrou word deur 'n naturel in Kaapstad aangeval en beroof.

**13 Jan.: Geveg op Kliptown tussen jeugdige blanke soldate en vyf naturelle onder wie drie soldate. Een naturel word doodgeskiet.**

13 Jan.: 'n Konstabel word in Johannesburg deur twee naturelle aangerand en ernstig met 'n mes verwond.

16 Jan.: Twaalf naturellesoldate deur die polisie op Germiston aangehou in verband met 'n voorval waarin 'n burgerlike soldaat op 'n kleinplasie doodgesteek is.

**16 Jan.: ,,Die dreigende staking by die V.F.P.-kragstasie, naby Germiston, is gisteroggend afgelas,'' lui 'n persberig.**

16 Jan.: 'n Blanke vrou in Johannesburg deur 'n kleurling aangeval en beroof.

**18 Jan.: 'n Monstervergadering van nie-blankes word gehou om steun toe te sê aan die stakers van 'n Durbanse rubberfabriek.**

**18 Jan.: Botsing in Johannesburg tussen soldate en naturelle.**

**18 Jan.: Hongerstaking van 500 naturelle in Johannesburg terwille van hoër lone.**


# Somers-PAKKE



HIERDIE seisoen sal u behoefte hê aan 'n deftige Somerspak. Waarom tweekeer soveel betaal vir 'n Snyerspak as ons u een aanbied teen slegs

**£6-17-6**

Die pakke is netjies afgewerk en die kwaliteit is van die beste. Verkrygbaar in Dubbel- en Enkelbors.

Silwerpleet Sigaretdose met die kaart van Suid-Afrika waarop die Voortrekkerpad aangedui word. 'n Pragtige geskenk; slegs 10/6 elk.

**Uniewinkels**

(Ko-operatief) Beperk

Geregistreer onder Wet No. 28 van 1922.

Posbus 909, PRETORIA.



GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag*

Gebruik

**LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP**

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP — DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

'n LEVER Produk


# Wat ,,Nasionaal'' Is Vir Een Is ,,Veldmaarskalk'' Vir Die Ander

## Party-Politieke Babel Nader Stilstand

**Hoe daar sekere elemente in die H.N.P. is wat enige samewerking van die nasionaalgesinde Afrikanerdom onmoontlik maak, en hoe uiters verward die optrede van mede-Afrikaners deur hierdie kringe beoordeel word, blyk treffend uit die volgende verbasende teenstrydige kommentaar van twee H.N.P.-blaaie op mnr. N. C. Havenga se onlangs gehoue kongrestoespraak. ,,Die Volksblad'' van Bloemfontein skryf as volg:**

,,Ook in sy toespraak van gisteraand het mnr. Havenga hom **so goed as heeltemal op ons Nasionale standpunt gestel:** in sy besliste verset teen die oorlogspolitiek, met name teen die uitstuur van ons troepe uit Afrika en teen gekleurde soldate, teen die interneringe en ander ingrypinge in die burgerlike vryheid, teen die liberalistiese naturelle-beleid en die kommunisme. Alleen oor die republiek het hy hom nie so beslis uitgespreek as wat die Nasionalis graag sou wens nie. Maar as geheel beskou, het die leier se toespraak dit meer onverklaarbaar as ooit gemaak waarom hierdie Party die Nasionale Party beveg; en, wat sy eie standpunt betref, het die leier in gebreke gebly om aan te toon watter koers sy Party het wat uitdraai uit die Nasionale pad . . . **Mnr. Havenga het gisteraand 'n Nasionale toespraak gehou** (hy het nie altyd sulkes gehou ná 4 September 1939 nie) maar juis daarom het hy des te skromeliker in gebreke gebly om te toon wat dan die verskille is waaroor sy Party die volk verdeel en aanhou om saam te span met alle volksverbrokkelende groepe en daardie verdeeldheid te bestendig wat hy so betreur.''

,,Die Transvaler'' (Johannesburg) skryf oor dieselfde toespraak as volg onder die opskrif: **,,Steeds Nader aan die Veldmaarskalk'':**

,,Dit word by die dag duideliker dat die groepe wat die Herenigde Nasionale Party aanval, **besig is om steeds nader aan veldmaarskalk Smuts te skuif.** Op die weg terug na die grootste imperialis van hierdie eeu staan die Afrikanerparty aan die voorpunt. **Dit het nou weer baie duidelik geblyk uit die toespraak wat mnr. N. C. Havenga eergister gehou het . . .** Laat nou maar reguit gekonstateer word dat, ná die bittere ervaring wat hulle in die verlede opgedoen het, **die Nasionaliste geensins begerig is om in een party met mnr. Havenga en sy geesverwante te sit nie . . .** Dr. Malan word herhaaldelik verwyt dat hy nie met die ander ,nasionaalgesinde groepe' wil saamwerk nie. Die uitlatings van mnr. Havenga het vir die soveelste keer getoon dat dr. Malan op die regte manier optree.''

## HUL TROETELKINDJIE?

Die huidige Regering met sy buitelandse liefde openbaar in sy willekeurigheid 'n eienaardige voorliefde vir die kommunisme insover hy enige belangstelling in binnelandse sake openbaar. Afgesien van die groot vryheid wat hierdie ondergrondse dissipels geniet, om die gekleurde bevolking teen die blankes op te rui, het die Regering dikwels al uit sy pad gegaan om gunste aan hulle uit te deel. So het dit 'n paar maande gelede gebeur dat die Kommunistiese Party in Kaapstad 'n kennisgewing in verband met 'n openbare vergadering deur middel van die Unie se radiodiens aangekondig het en dit in albei amptelike tale! Volgens berig in die pers indertyd het die plaaslike takbestuurder aanvanklik geweier om aan die versoek van die Kommuniste gehoor te gee. **Laasgenoemde het egter in verbinding met Pretoria getree en die sakie was binne 'n paar uur beklink.** 'n Mens kan jou voorstel watter konsternasie 'n dergelike versoek van die Ossewabrandwag in regeringskringe sou veroorsaak. Internerings sou waarskynlik daarop gevolg het.

Kort daarna is in die pers berig dat die sekretaris van die Kommunistiese Party wat 'n naturel is, deur die polisie kragtens die Noodregulasies aangehou is. Die ink was egter nog skaars droog toe berig is dat die Minister van Justisie die geregtelike optrede teen die Kommunis ,,gesuspendeer het hangende 'n persoonlike ondersoek.'' Soveel liefde openbaar hierdie Minister vir die kommunisme dat hy, wat Afrikaners ses maande lank in die tronk kan vergeet voordat hy hulle laat verhoor, persoonlik gaan ondersoek instel na die oorsaak van die leed wat sy departement aan 'n kommunis veroorsaak het.

Die jongste voorbeeld van bevoorregting vind ons in 'n berig in die Guardian van 7 Januarie wat as volg lui: **,,Van hierdie maand af sal die kommunistiese blad vir naturelle ,Inkululeko' elke veertien dae verskyn in plaas van elke maand soos voorheen.''** En dit ondanks die volgende bepaling in die Regering se maatreël in verband met die beheer van papier: **,,Niemand mag enige papier gebruik om enige koerant, nuusbulletin of tydskrif met korter tussenpose te druk of te publiseer as wat gedurende die ses maande onmiddellik voor die datum van die Goewermentskennisgewing gebruiklik was nie.''**

Wanneer 'n Kommunistiese blad dus daartoe oorgaan om sy uitgawes te verdubbel, moet dit geskied met die goedkeuring van die Pryskontroleur wat ,,na goeddunke vrystelling kan verleen van al die bepalings of enige bepaling van hierdie kennisgewing aan enigiemand.'' Ons weet egter dat

(Vervolg op bls. 6, kol. 3)

# BEVEL i/s VRYHEIDSDAG

**Onderstaande bevel met 'n program vir Vryheidsdag is uitgereik op gesag van die Grootraad en moet stiptelik op die aand van 27 Februarie dwarsdeur die land uitgevoer word.**

1. Ons Vryheidsdag, 27 Februarie, sal hierdie keer, net soos verlede jaar dwarsdeur die land, deur alle kommando's, hetsy by wyse van sentrale feeste of deur kleinere groepies, weer plegtig gevier word.

2. Met die oorwinning van Amajoeba op 27 Februarie 1881 het die Boere tot uitvoering gebring die gelofte wat hulle aan mekaar afgelê het te Paardekraal; daardeur is die Boere-vryheid deur die Boere-wapen herstel.

3. Met die herdenking van hierdie heuglike gebeurtenis wil die Afrikanerdom hom weereens in gelofte verenig om die stryd onweerstaanbaar voort te sit tot verwesenliking van sy vryheidsideaal.

4. Alle lede van O.B.-kommando's wat nie die sentrale fees te Amajoebaberg bywoon nie, moet onder leding van die betrokke offisier, as kommandantskap, hoofkommandantskap, of generaalskap na afstande dit toelaat, as 'n eenheid saamtrek op Saterdag, 27 Februarie 1943.

5. Vlamme vir die aansteek van vryheidsvure sal hierdie keer weens vervoermoeilikhede nie verskaf kan word nie. Nietemin sal die vryheidsvlamme by elke byeenkoms, soos verlede jaar, weer plegtig aangesteek word.

6. Elke generaal sal sorgdra dat die betrokke offisiere op elke plek in sy afdeling waar byeenkomste gereël word, die nodige houtstapels vroegtydig laat aanpak en ook toesien dat die nodige reëlings getref word ter uitvoering van die onderstaande aandprogram wat stiptelik gevolg moet word. Gedurende die dag tot nie later as 6.30 nm. nie kan elke eenheid sy eie program reël en sprekers laat optree.

7. Elke Brandwag sal 'n stuk hout saambring om op die vuur te werp. Dit word aan die hand gedoen dat die hout 18 duim lank en 2 tot 3 duim dik moet wees.

**PROGRAM**

**8-uur nm.:** Stiptelik blaas die trompet of fluitjie of lui 'n klok en tree die kommando's of eenhede aan voor die plek waar die vuur aangesteek sal word, gevolg deur:
(1) Skriflesing, nl. Daniël 9: 1—19.
(2) Sing van Psalm 68: 10 en gebed.
Waar die tyd dit toelaat word hierna gewyde- of stemmige Volksliedere gesing.

**8.30 nm.:** Voordrag van die Amajoeba-kantate soos gepubliseer in „Die O.B." van 20 Januarie, of waar nie moontlik nie, voorlesing van die geskiedenis van Amajoeba, soos opgestel deur prof. A. J. H. van der Walt. (Dit verskyn in ons uitgawe van 3 Februarie.)

**9.00 nm.:** 'n Vlam wat die vryheidsvuur moet aansteek word deur seuns en dogters van die Jeugfront aangebring en aan die offisier in bevel oorhandig.

**9.05 nm.:** Gesamentlike s a n g: Transvaalse en Vrystaatse Volksliedere.

**9.10 nm.:** Vyf of meer fakkeldraers (Jeugfront) tree na vore, steek hul fakkels by die vlam aan en neem plaas om die houtstapel, gereed om op bvel die vryheidsvuur aan to steek.

**9.15 nm. (presies):** Die offisier in bevel gee die teken deur 'n fluitjie te blaas en die fakkeldraers steek die vryheidsvuur aan.

Met die blaas van die fluitjie sing òf die skare òf 'n koor die eerste en vierde verse van die Lied van Jong Suid-Afrika.

**9.20 nm. (presies):** Die vryheidsvuur brand nou deur die lengte en breedte van ons land en die offisier in bevel blaas nou vir die tweede maal 'n fluitjie, waarop almal teenwoordig, op saluut sal staan en in stille bepeinsing vir drie minute in die vuur sal tuur.

**9.23 nm.:** Die vryheidsverklaring en gelofte deur die Grootraad opgestel, word deur die offisier in bevel op plegtige wyse voorgelees. (Hierdie stuk verskyn elders in hierdie uitgawe.)

As bewys van die aanvaarding hiervan en die onwrikbare wil en vasberadenheid van die teenwoordiges, sal die skare op 'n teken ordelik in gelid vorentoe tree en elkeen op sy beurt 'n stuk hout op die vryheidsvuur werp. Terselfdertyd werp elkeen 'n offer in 'n kissie vir die doel langs die vuur geplaas as sy of haar bydrae tot die Noodhulpfonds. Dit sal gevolg word deur die sing van die laaste vers van ons Volkslied:

„Op U almag vas vertrouend het ons
vadere gebou.
Skenk ook ons die krag, o Here, om
te handhaaf en te hou —
Dat die erwe van ons vaad're vir ons
kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die
hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het, leer ook
ons vertrou, o Heer;
Met ons land en met ons nasie sal dit
wel wees, God regeer."

Hierdie deel van die verrigtinge sal nou gesluit word met gebed.

(In verband met die Amajoeba-kantate word wel 'n keuse gelaat, maar waar dit enigsins moontlik is, moet dit opgevoer word. Sewe persone is genoeg daarvoor, hoewel groter spreekkore indrukwekkender is.)

## £96 MILJOEN IN BELANG VAN EMPIRE

Die Minister van Finansies, mnr. J. H. Hofmeyr, het die Parlement versoek om nog £16 miljoen te vind ten einde die uitgawes van die lopende boekjaar te dek. Hierdeur word die totale oorlogsbegroting vir 1942-43 op £96 miljoen te staan gebring, en dit is nog baie onseker of die Minister hiermee gaan uitkom.

Volgens hierdie syfers bestee ons land ter instandhouding van die Britse Ryk nou jaarliks bykans die helfte van die bedrag wat dit Engeland gekos het om die twee Boere-republieke te verower. Dit is inderdaad 'n winsgewende rente op Engeland se verowerings-kapitaal. Geen wonder dat kapitalistiese Amerika watertand om hierdie produktiewe boedel aan Afrika se suidpunt te erf nie!

## 'N JAAR GELEDE

Op 28 Januarie verlede jaar het Die O.B. die beleid van die Ossewabrandwag as volg omlyn, en vandag nog staan ons op daardie standpunt:

„Wanneer ons verklaar dat ons Republiek gegrond moet wees op 'n staatsbeleid ooreenkomstig die begrippe van volksregering van die Suid-Afrikaanse Republiek met die uitskakeling van alles wat vals en volkskadelik is in die demokrasie, bedoel ons dat die regering van ons land namens die volk moet regeer in belang van die volk. Soos 'n vader die welvaart van sy gesin op sy hart dra omdat dit vlees van sy vlees en bloed van sy bloed is, so moet die regering die welvaart van die volk in die eerste plaas beoog. Jou staatshoof sal een uit die volk wees, en geen vreemdeling wat deur 'n toevallige meerderheid van die bevolking gekies is nie.

Ons maak onderskeid tussen die woorde VOLK en BEVOLKING. Volk is vir ons 'n eenheidsbegrip, 'n groep mense wat deur taal, bloed, karakter en strewe 'n groot eenheid soos 'n familie uitmaak; bevolking daarenteen is al die onderdane van die staat, soos Engelse, Grieke, Jode, kleurlinge ens. Laasgenoemde deel het geen regstreekse seggenskap in die bestuur van jou staat nie, maar hul belange, in sover dit nie strydig is met die volksbelange nie, sal beskerming geniet soos 'n gas beskerming geniet in die huis van sy gasheer, maar voor alles gaan die belange van die volk."

**Hierdie standpunt en hierdie standpunt alleen vorm die grondslag vir ekonomiese en maatskaplike welvaart, want dit berus op die liefde wat wil dien, en nie op kapitalistiese liefdadigheid of parlementêre mosies wat wil stemme vang nie.**

## „OPPOSISIE IN VEGBUI"

## Skyngeveg Duur Voort Met „Onverminderde Krag"

In verband met die stuur van troepe oor see en die bespreking daarvan in die Praathuis, skryf Die Burger die volgende betekenisvolle sin nadat hy beduie het dat die „Nasionale lede in 'n vegbui" was: „Maar veldmaarskalk Smuts het hom nie weer aan 'n antwoord gewaag nie; **hy beskik oor voldoende gedienstige stemme om deur te stem wat hy nie kan doodveeg nie.** Alle aanduidings is egter daar dat die offensief môremiddag by die bespreking van die blou-eed-mosie **met onverminderde krag hervat sal word"!**

Vir enigiemand wat nie kennis dra van partypolitiek nie, sou die volhardende pogings van 'n pratende opposisie om 'n dowe Regering tot beter insigte te oortuig, na kranksinnigheid lyk. Maar as in aanmerking geneem word dat die parlement nie in die eerste plaas 'n middel is om te regeer nie, **maar om propaganda te maak,** is dit verstaanbaar, **en dan is dit ook duidelik dat die opposisie (wat deel van die parlementêre regering uitmaak) hom verheug oor elke fout of onreg wat die Regering begaan. Terwille van propaganda sal 'n opposisie dus 'n Regering probeer dwing om foute te maak.** Hoe die volk daaronder ly, is van minder belang — of liewer van groter belang, want hoe groter die volk se ellende hoe groter die moontlikheid dat die volk vir die opposisie sal stem. **En as die opposisie by 'n verkiesing die oorwinning behaal, probeer die nuwe opposisie (of oud-regering) hom weer dwing om foute te maak sodat die volk volgende keer weer vir hóm sal stem. En so hou dit aan soos die seisoene van die jaar.**

Dit is demokrasie; dit is partypolitiek. En vir dertig jaar en meer word ons volk se hoop geplaas op hierdie koddige instelling.

**Die Ossewabrandwag wil ook 'n staat hê waarin almal deelneem, maar dan om die regering se hande te STERK sodat hy die volk goed en reg sal regeer. Dit sal dan 'n VOLKSREGERING wees op die grondslag van elk vir almal en almal vir elk. Dan sal almal bly wees oor die GOEIE dinge wat die Regering doen, en nie oor sy foute en dwaashede nie, soos vandag.**

## HUL TROETELKINDJIE?

(Vervolg van bls. 5)

kerklike blaaie hul omvang moes inkrimp as gevolg van hierdie maatreël en daaroor in hul kolomme gekla het.

Ons kan tot geen ander gevolgtrekking kom nie as dat die huidige bewind al hierdie toegewings aan die kommunisme doen òf uit liefde òf uit vrees. Watter van die twee dit ook al is, die bedreiging en die gevolge bly een en dieselfde: uitwissing van die blanke beskawing in Suid-Afrika.

O.B.-Skryfblokke
*met bypassende Koeverte*
2/6
posvry.
Bestel van of koop by
O.B.-Hoofkwartier
Groote Kerkgebou 916,
Adderleystr., KAAPSTAD

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

## GEBOORTE

**MOOLMAN.** — Aan Levras en Lenie, Asst. Veldkornette, Memel Vroue-Kommando, 'n fris O.B.-seun op 4 Januarie 1943. Moeder en seun op die pad van Suid-Afrika.

**ROOS.** — Aan Komdt. en Korple. C. J. Roos van Fouriesburg, Kommando 6A2, 'n fris brandwag-seun op 14 Januarie 1943, in die Tabiela Verpleeginrigting, Bethlehem. Naas die Heer ons innige dank aan Suster en Dokter.

## DOODBERIG

**LERM.** — Van ons harte geskeur, ons grootste skat op aarde, ons Moeder.

Hoe swaar die slag ons swyg o, Heer,
Ons het op aard, geen ouers meer.

Die diepbedroefde kinders,
**Jan en Molly.**

**FINLAY.** — Sag heengegaan op 11 Jan. te Stellenbosch, ons dierbare eggenoot en Pappie F. A. Finlay in die ouderdom van 72 jaar 4 dae.

Sy plek is leeg, sy stem stil
Ons swyg o! Heer, dit was U wil.

Bedroefde eggenote en dogtertjie,
**Sarie Finlay en Susie.**

## IN MEMORIAM

**VAN HUYSSTEEN.** — Na 'n jaar van stille verlange dink ons terug aan die onvergeetlike aand van 20 Januarie 1942, toe ons moes afskeid neem van ons dierbare eggenoot en vader Ben van Huyssteen.

In stilte het hy gely,
Met geduld het hy gestry,
Tot God hom weggeneem het
Om nooit weer te ly.

Sy verlangende en treurende eggenote en dogtertjie,
**Anna en Valerie.**
**P.K. Barrington.**

## BETREKKING GEVRA

AFRIKANER, getroud, 31 jaar oud — Senior Sertifikaat, 8 jaar klerikale ondervinding met kennis van Tikskrif, Snelskrif en Boekhou soek betrekking. Om sertifikate, getuigskrifte en besonderhede skrywe aan: **Posbus 27, Willowmore.**

## TE KOOP

SAAD-AARTAPPELS.—Goeie, gesonde, King of Early en Up-to-Date saad-aartappels vir onmiddellike planting. — 22/- per sak, gelewer op Petrusburg-stasie. Kontant met bestelling. **D. J. de Kock, Uitkyk, Petrusburg.**

SPEELSKEIE. — Van goeie hout — Bottelskeie 3/9 en Vierkantige Kop 4/6 K.M.B. **Koos Botha, P/S. Serpentine, Dist. George.**

PLANTJIES: Gesond en sterk: Barberton Madeliefies (Daisies): 3/6, 15/- en £6. Amerikaanse Boomangeliere: Idaho Beauty (pers), Regina (ligpienk), Salmon Regina, Corona (donkerrooi), Pionier (roospienk), en Rex (helderpienk), 3/6, 10/- en £5. Dairy Maid (wit met pienk-pers strepies) 5/-; £1-5-0 en £7. Pryse per 12, 100 en 1,000 respektiewelik. K.M.B., posvry in Unie. **John Smith, Bus 80, Tzaneen.**

## TE KOOP

STERK, gewortelde Angelier plantjies: Regina, Rex, Pioneer, Corona, Salmon Regina, Idaho Beauty 3/6 dosyn, 10/- 100. Lorraine 21/- dosyn; Rooi Regina 21/- dosyn; Dairy Maid 5/- dosyn; 25/- 100. K.M.B. Posvry Unie. Bogemelde soorte het groot dubbel blomme met lang stengels. **Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.**

KAROO BOK-KRAALMIS. Vry gelewer na Middellandse distrikte, O.V.S. en Natal stasies. **32/6** per ton van 12 sakke. K.M.B. **37/6** per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B. Bestel vroegtydig en wees verseker van aflewering. Onmiddellike aandag word geskenk. Ref. Volkskas, Port Elizabeth. **J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

ANGORA-RAMME: Lewering vanaf 1ste Februarie 1943; Opreggeteelde Angoraramme teen £5 en £7-10-0 stuk. **J. A. Schoeman, P/S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

## TE KOOP

TAFELAARTAPPELS, baie mooi teen 14/6 per sak. Gelewer op Serpentine sylyn. **S. P. Gerber, P.S. Serpentine, Dist. George.**

## BENODIG

TWEE flukse jong Afrikaners vir parstyd. Een moet 'n goeie vragmotor Bestuurder wees. Salaris £6 per maand met vry inwoning. Doen aansoek by **D. C. Haasbroek, Vrede, Lynedoch.**

Die
MODERNE KLEREMAKERS
(Die Afrikaanse Firma)

VIR 'N BUITENGEWOON DEFTIGE EN GERIEFLIKE DAMES KOSTUUM OF MANS PAK KLERE, PROBEER ONS EERSTE. DIT IS NOU TYD OM TE LAAT MAAK, DAAR MATERIAAL DAAGLIKS SKAARSER WORD

Skryf om monsters en maatvorms.

GROOTE KERKGEBOU 306
3de Verdieping KAAPSTAD